

Prof. Jan Lotz (LINKS), pa van die vermoorde Matie Inge Lotz (LINKS ONDER), het die Nasionale Vervolgingsgesag gevra om Fred van der Vyver (REGS ONDER), haar eertydse kêrel wat in 2007 van haar moord vrygespreek is, terug te bring as 'n moontlike verdagte.

FRED, EK SOEK ANTWOORDE

Hy sal nie rus voor hy weet wie sy dogter vermoor het nie, sê Inge Lotz se pa, en nuwe 'bewyse' bring hom nader aan die waarheid

Deur ALMARI WESSELS

MEER as agt jaar ná die onopgeloste moord op sy enigste kind, die pragtige, briljante Inge Lotz, verwag mense hy moet moedig met die lewe aangaan.

"Mense sê ek moet die boek toemaak en klaarmaak met die verlede, maar hoe kan ek 'n boek toemaak wat ek nie verstaan nie?" vra Jan Lotz.

Die lang, fors man kyk op van die dokumente op die koffietafel in sy kantoor met dieselfde opvallende blou oë wat 'n mens met die jare op foto's in die media van 'n blonde, glimlaggende Inge getref het. Maar sy gesig is strak, die lyne van smart diep om sy mondhoeke gekeep.

Niemand is nog skuldig bevind aan die wrede moord op 16 Maart 2005 wat die land geruk het nie. Fred van der Vyver, Inge se destydse aktuariskêrel, is wel van haar moord aangekla, maar in 2007 ná 'n opspraakwekkende verhoor van 10 maande vrygespreek.

Pleks van die boek toemaak terwyl hy nog met soveel onbeantwoorde vrae oor sy dogter se dood worstel, is Jan besig met 'n nuwe hoofstuk in die voortslepende moordsage.

Hy het onlangs gevra die direkteur van openbare vervolging (DOV) moet die saak teen Fred heroorweeg, want hy glo vas 'n nuwe wetenskaplike verslag kan eindelik antwoorde oplewer oor tergende aspekte van die moord.

"Mnr. Van der Vyver moet teruggebring word as 'n moontlike verdagte in die moordsaak van Inge Lotz. Dit is my versoek aan die (nasionale) vervolgingsgesag."

Hier aan die fakulteit geneeskunde op die Tygerbergkampus van die Universiteit Stellenbosch, waar hy jou netnou in sy wit mediese jas beleef met die hand gegroet het, is hy 'n gesiene hoogleraar in radiodiagnose.

Maar toe hy in sy kantoor sy hart uitpraat, is Jan net 'n pa, geknak deur sy dogter se dood. "Weet jy dat my kind 47 wonde aan haar liggaam gehad het?" vra hy sag met sy oë op skrefies getrek.

Hy sal nie rus voor hy weet wie Inge, destyds 'n 22-jarige Matie-student, daardie Woensdagmiddag in haar woonstel in die Welgevonden-kompleks op Stellenbosch so verwoed met 'n onbekende voorwerp vermink en vermoor het nie, en waarom.

"Ek leef elke dag daarmee saam; ek gaan slaap daarmee en ek word daarmee wakker," sê hy. "Ek soek nie wraak nie, net die waarheid . . ."

SY LAASTE kontak met Inge was die "ongelooflikste ding", vertel Jan. "Ek sal dit nooit vergeet nie."

Die Lotze was geheg aan mekaar en hy was 'n besorgde pa, maar hulle het nie sommer oor ditjies en datjies oor die telefoon gesels nie.

"Ons is nie telefoonmense nie; ons bel mekaar nie, ons stuur nie SMS'e nie. Ons het 'n ander tipe verhouding.

"Maar die Dinsdag voor haar dood omtrent so vieruur die middag, seker naasteby 24 uur voor sy gesterf het, het sy my 'n SMS gestuur waarin sy gesê het: 'Pa, ek is baie lief vir jou en ek is so dankbaar vir alles wat jy vir my doen.'

"Ek kan nie wegkom van die gevoel dat sy toe gevoel het iets is fout nie. Sy het my gegroet; daar is geen twyfel daaraan nie."

Al wat hy van die dag onthou waarop hy en sy vrou, Juanita, die doodstyding gekry het, is dat dit "vernietigend" was.

"Dit het ons hele lewe vernietig; alles," sê hy kort en kragtig. Hy is 'n man wat liewer oor die jongste inligting wil praat wat hy oor die moord ingewin het as oor die emosies van 'n bedroefde pa wat nog nie berusting kon vind nie.

'Jy kan nie staande bly nie. Jy leef nie; jy bestaan net'

Hy meen 'n verslag van die afgetrede fisikaprofessor Kobus Visser oor 'n vingerafdruk van Fred, plaas hom in haar woonstel op die gewraakte moordmiddag; daarom het hy die verslag gestuur na die ondersoekbeampte, lt.kol. Mike Barkhuizen, en gevra die DOV moet die saak teen Fred heroorweeg.

Tog, as Fred wel daar was, beteken dit nie hy het Inge vermoor nie, voeg Jan by, maar wel dat daar baie is wat hy moet verduidelik. "Die twee vrae wat ek wil hê Fred moet beantwoord, is: Wat het jy daar gekry toe jy daar aankom, en wat het jy agter jou gelos toe jy daar weg is?" sê Jan.

Die uitgerekte hofsaak was vir Jan "uitmergelend". In sy uitspraak het die regter gesê: "Dit was moeilik om (aan) die gevoel te ontkom dat heelwat verdere inligting nie sy weg na die hof gevind het nie. Waarom dit so was, sal ons seker nooit weet nie."

Tog bly die onopgeloste moord nie net by Jan spook nie; selfs wildvreemdelinge het al op eie houtjie begin ondersoek instel.

Adrie Stander, 'n digitale forensiese wetenskaplike, is een van hulle. Hy het e-posse uitgesnuffel wat 'n groep vriende wat na aan Inge en Fred was, aan mekaar gestuur het. Daarin het hy 'n sterk gay ondertoon gevind. Hy glo jaloesie was die motief vir die moord op Inge (Nuwe vrae oor moord, 21 Februarie).

Ook twee amateur forensiese ondersoekers, die broers Thomas en Calvin Mollett, het begin vanjaar opspraak gewek met hul bewerings op M-Net se aktualiteitsprogram Carte Blanche (lees ook die artikel op die volgende bladsy) oor die moord op Inge.

Die volgehoue belangstelling in sy "pragtige kind" se moord verbaas Jan glad nie. "Dit is vir mense onaanvaarbaar dat 'n jong vrou haar lewe so moes verloor," sê Jan. "Mense sal aanhou tot hulle die antwoorde het. Niemand is tevrede met die situasie soos dit is nie."

Kersfees en verjaardae sonder Inge is baie swaar vir hom en sy vrou, vertel Jan. Hy kyk af en vroetel weer met dokumente op die koffietafel. Elke jaar sedert Inge se dood plaas hulle op haar verjaardag, 12 Mei, 'n huldeblyk in Die Burger.

Ses jaar gelede, toe die opspraakwekkende moordverhoor nog aan die gang was, het dié boodskap gelui: "Vandag, 25 jaar gelede, is ons lieflingkind gebore. Ons herdenk daardie vreugdedag met eer aan ons Skepper. Ná twee jaar sê ons steeds innig dankie vir liefde en gebede, pragtige blomme en besoeke van vriende, familie en soveel onbekendes. Ook vir die gemeenskap van Welgemoed, wat elke dag hierdie moeilike pad saam met ons stap."

Het hulle kontak met ander ouers wat kinders aan die dood moes afstaan, dalk weens 'n moord?

"Nee, ons leef alleen daarmee saam," antwoord Jan. "Ek is 'n baie alleen-tipe mens," voeg hy by.

Hy wonder dikwels hoe Inge se lewe sou verloop het. "En Juanita mis 'n kleinkind so," sê Jan.

Maar hoe bly hulle staande midde-in die worstelvrae, gerugte en teorieë oor die moord wat kort-kort uitslaan?

"Jy kan nie staande bly nie," erken hy. "Jy leef nie; jy bestaan net."

Maar sy "geveg om die waarheid" hou hom aan die gang. "Ek sal nie ophou voor ek die waarheid weet nie, hoe ek dit ook al moet uitvind," sê hy beslis.

"Fred is 'n jong man wat sy jeug in hierdie

(Blaai om)

FOTO'S: GALLO IMAGES/DIE BURGER/FRANCOIS NEL, GALLO IMAGES/FOTOGA/MICHAEL HAMMOND, GALLO IMAGES/FOTO24/NASIEF MANIE, GALLO IMAGES/DIE BURGER/LESA ALEXANDER, INSETFOTO: NUWSPAPERTJIEK/ARGIEFFOTO VAN WYK, CORBI HANSEN, VOLKSBLAD/MARIETJIE LEMKE, VERSKAF

Jan en sy vrou, Juanita Lotz, op Inge se begrafnis in 2005.

NUWE LIG OP DÁÁI AFDRUK

'n Afgetrede fisikaprofessor se bevindinge 'het die skaal geswaai', sê Jan Lotz

Deur ALMARI WESSELS

IS Fred van der Vyver se vingerafdruk in die woonstel waarin sy meisie vermoor is, op 'n glas gevind of op die houer van 'n DVD wat Inge Lotz eers die middag van haar dood uitgeneem het?

Kenners het tydens die moordverhoor teenstrydige getuienis hieroor gelewer, maar Inge se pa, prof. Jan Lotz, glo die waarheid het nou ná meer as agt jaar eindelik uitgekom.

"Die vingerafdruk kom van die DVD-houer en nie van 'n glas nie. Dit plaas Fred op 16 Maart 2005 ná drieuur die middag in die woonstel op Stellenbosch. Hy het nie meer ruimte om te ontken dat hy daar was nie," meen Jan.

In sy uitspraak in 2007 het regter Deon van Zyl die staat se getuienis verwerp dat die vingerafdruk wel op die DVD-houer was. Hy het Fred vrygespreek.

Maar Jan meen die bevindings van twee amateur forensiese wetenskaplikes en 'n verslag deur 'n afgetrede fisikaprofessor werp nuwe lig op dié onopgeloste moord. "Die skaal het oorwegend geswaai," sê hy.

Dié jongste wending in die boeiende moordsage van die afgelope agt jaar het in 'n woonstel op die rustige Swartlandse dorp Piketberg begin met skaapbloed uit die aanliggende distrik Porterville.

Twee broers, Thomas, 'n teksredakteur, en Calvin Mollett, 'n ingenieur, het besluit om self speurder te speel, en Thomas se woonstel as 'n laboratorium vir forensiese toetse ingerig.

Daar het hulle 'n bloedmerk met behulp van die skaapbloed nagevors.

Die uitslag van hul toetse het hulle laat besluit die polisie het nie foute gemaak met die aanvanklike moordondersoek nie, soos Fred se regspan tydens die verhoor aangevoer het.

Hulle meen drie stukke forensiese getuienis waarop die staat se saak teen Fred berus het, hou wel steek: 'n bloedmerk op die vloer van die gastebadkamer, die moontlikheid dat die moord met 'n ornamentele hamer gepleeg is en 'n vingerafdruk op 'n DVD-houer wat op die moordtoneel langs Inge gekry is.

Hul bewerings in die nuusprogram Carte Blanche op M-Net het vroeër vanjaar opspraak gewek, maar hulle het ook onder skerp kritiek deurgeloop omdat hulle nie forensiese kenners is nie (Nuwe vrae oor moord, 21 Februarie).

Daarom het Jan gevra die afgetrede fisikaprofessor Kobus Visser moet ondersoek instel oor hul metodes en die afleidings wat hulle gemaak het.

Dié het bevind hulle het akkuraat te werk gegaan en die vingerafdruk is wel van 'n plat oppervlak gelig.

Nou is daardie omstrede en veelbesproke vingerafdruk opnuut in die nuus, en dit kan selfs daartoe lei dat die saak teen Fred heropen word.

"Ons is nederig dankbaar en tevrede dat ons 'n bydrae kon lewer om die saak uit sy sluimering wakker te skud," sê Thomas hieroor.

"Inge en geregtigheid verdien mense se volle aandag."

(Van vorige bladsy)

nagenoeg agt jaar ingeboet het. Ek wil graag sien dat hy die geleentheid kry om voort te gaan en 'n sukses van sy lewe te maak.

"Wat verby is, is verby. Maar hy sal moet vir my verduidelik wat gebeur het. Die waarheid alleen sal ons toelaat om hierdie boek finaal te sluit en aan te stap."

- Oor die moontlike heropening van die moordsaak teen Fred sê Eric Ntabazalila, 'n woordvoerder van die DOV: "Die verslag (van Kobus Visser), tesame met korrespondensie van prof. Lotz, word nou oorweeg en verder deur polisiedeskundiges ondersoek. 'n Besluit oor enige verdere stappe sal mettertyd geneem word.
- Kan iemand wat reeds van 'n misdaad vrygespreek is, weer daarvan aangekla word? wou Huisgenoot weet by prof. Marinus Wiechers, 'n regskenner. Dit is hoogs onwaarskynlik en die reël dat jy iemand nie twee keer vir dieselfde misdaad kan vervolg nie, is baie streng. Maar dit kan gebeur as nuwe wesenlike feite die saak in 'n ander lig stel, verduidelik hy. "Een van die sterkste gronde is as bedrog in die hof gepleeg is en kenners doelbewus die hof mislei het."

Dit het al in Suid-Afrika gebeur dat iemand weer weens dieselfde moord vervolg word. In Mei is Boisile Amos Plaatjies weer vervolg nadat hy met sy appèl vrygespreek is. Hy is skuldig bevind. ■

EKSTRA BRONNE: DIE BURGER

Inge was besig met haar M.-graad in wiskundige statistiek toe sy op 16 Maart 2005 vermoor is. Jan sê hy sal nooit ophou antwoorde soek oor sy "pragtige kind" se dood nie.

DIE MOLLETT-BROERS

BO: Calvin Mollett (links), 'n siviele ingenieur van Kanada, en sy broer, Thomas, 'n teksredakteur van Piketberg, het Jan genoop om 'n afgetrede fisikaprofessor te nader om te bevestig Fred se vingerafdruk kom van 'n plat oppervlak (REGS). In die hof is die getuienis verwerp wat daarop gedui het Fred het 'n vingerafdruk gelos op die houer van die DVD The Stepford Wives (INLAS REGS), wat Inge die middag van haar moord gaan uitneem het. As dit wel Fred se vingerafdruk op die DVD-houer was, sou dit hom op die middag van haar moord in haar woonstel plaas.

DIE DVD EN DIE AFDRUK

BO: Die afdruk op die DVD-houer wat in die hof as 'n lipafdruk uitgemaak is, is die vingermerk van Mariaan Booysens van die polisie, sê die Mollett-broers en Jan Lotz.

DIE VEELBESPROKE VINGERAFDRUK

Op haar sterfdag het Inge die DVD The Stepford Wives om sewe minute oor drie by The DVD Place in die Simonsrustwinkelsentrum gaan uitneem.

As Fred, toe haar kêrel, se vingerafdruk op die DVD-houer gevind is, beteken dit hy was daardie middag in die woonstel waar die moord, volgens die polisie, tussen vier- en sesuur gepleeg is. In die hof het hy dit ten sterkste ontken.

Tydens die moordverhoor het kenners verskil oor of dié vingerafdruk van 'n geronde of plat oppervlak gelig is; daarom wou die staat voor die begin van die verhoor die vingerafdruk as getuienis onttrek, maar Fred se regsverteenwoordiger, adv. Dup de Bruyn, het daarop aangedring dat dit wel toegelaat word.

In die hofsaak het twee buitelandse vingerafdrukkundiges, die Amerikaner Pat Wertheim en die Nederlander Arie Zeelenberg, toe getuig die vingerafdruk is van 'n glas gelig en op 'n DVD-houer "geplant".

As die vingerafdruk wel op 'n drinkglas was, soos die verdediging aangevoer het, kon Fred dit die vorige aand toe hy by Inge oorgeslaap het, daarop gelaat het of die oggend voor hy op Stellenbosch gaan klasloop het.

Om hul teorie te versterk dat die vingerafdruk van 'n glas af kom, het die twee kenners gesê 'n halfmaanvormige merk neffens Fred se vingerafdruk is 'n lipmerk. Albei was op folien 1, dit wat as bewysstuk oorbly nadat die polisie vingerafdrukke gelig het.

Die staat het nietemin volgehou Fred se vingerafdruk is van die DVD-houer gelig, maar regter Deon van Zyl het dit in 2007 tydens sy uitspraak verwerp.

Fred se alibi is aanvaar dat hy tydens die moord by sy werk as aktuaris by Old Mutual in Pinelands was.

Die hof het ook aanvaar dat dit nie sy ornamentele hamer was waarmee Inge se wonde toegedien is nie en nie sy tekkies wat 'n bloedmerk op die badkamervloer gelaat het nie.

In 2011 kon ook regter Anton Veldhuizen geen bewysstuk kry wat Fred met die moordtoneel verbind nie. Dit was in die saak waarin Fred R46 miljoen van die minister van polisie geëis het weens beweerde kwaadwillige vervolging.

Sy eis is toegestaan, maar in Maart vanjaar het die staat se appèlsaak teen daardie uitspraak geslaag en Fred kry daarom geen duit skadevergoeding nie.

STEUN VIR AMATEURS SE TEORIE

Die Molletts se bevinding vroeër vanjaar dat die vingerafdruk wel van 'n plat oppervlak gelig is, het opnuut 'n opskudding veroorsaak.

"Daar was geweldige kritiek teen die Molletts se ondersoeke omdat hulle nie forensiese kenners is nie en my opdrag aan prof. Kobus Visser was om na hul metodes en bevindings te kyk en vir my te sê wat hy daarvan dink," verduidelik Jan.

(Blaai om)

'Die Molletts se bevindings is bog'

DIE FORENSIESE WETENSKAPLIKE DR. DAVID KLATZOW

'Die broers het akkuraat te werk gegaan'

DIE AFGETREDE FISIKAPROFESSOR KOBUS VISSER

'Die Mollett-broers het goed met dié soort werk gevaar'

DIE FORENSIESE PATOLOOG DR. LEON WAGNER

'Die internasionale kenners se getuienis moes nie aanvaar gewees het nie'

(Van vorige bladsy)

Maar waarom het hy by 'n professor in fisika gaan aanklop pleks van by forensiese kenners?

"Die forensiese ondersoek het met die vingerafdrukke te doen en dit is Fred se vingerafdruk; daaroor was daar nog nooit 'n dispuut nie. Maar as jy wil weet van watter oppervlak dit gekom het, moet jy fisika en wiskunde gebruik. So 'n ondersoek moet met driedimensionele wiskundige modelle gedoen word; daarom het ek die opdrag gegee vir prof. Visser, 'n fisikus en wiskundige."

Kobus stel die volgende onomwonde in sy verslag: "Ek voorsien onomstootlike wiskundige bewyse dat die linkerwysvinger sy merk gelaat het op 'n plat oppervlak en nie op 'n kegelvormige, geronde oppervlak soos 'n glas nie."

Maar nie almal stem met hom saam nie. In 'n dagkoerant bestempel die forensiese wetenskaplike dr. David Klatzow Kobus se verslag as "irrelevant". Hy het vroeër ook die Molletts se bevindings as "bog" afgemaak.

Dr. Leon Wagner, 'n onafhanklike forensiese patoloog van Bloemfontein, verskil op sy beurt van David.

"Ek het al die verslae gesien, ook Kobus s'n, en ek dink die internasionale kenners se getuienis moes nie in die hof aanvaar gewees het nie," het hy aan Huisgenoot gesê.

Hy is beïndruk met die Molletts se werk. Selfs al is hulle leke, het hulle die vermoë om dinge logies te beredeneer en gevolgtrekkings te maak; daarom het hulle goed met hierdie soort werk gevaar, verduidelik hy.

Leon wys daarop dat David geen forensiese patoloog, wiskundige of fisikus is nie. "Hy het 'n Ph.D. in biochemie; dis nie sy vakgebied nie."

"Ek stem saam met Jan se besluit om 'n fisikus en wiskundige te gebruik om die driedimensionele modelle te ondersoek; 'n mens kan nie eendimensioneel hierna kyk nie," voeg hy by.

WAT VAN DIE 'LIPMERK'?

Die Molletts se ondersoek na die vingerafdruk het nog 'n onthulling opgelewer. Hulle het die sogenaamde "lipmerk" op folien 1 met ao. Mariaan Booysens se vinger vergelyk en dit pas volmaak.

"Selfs die naelmerk is sigbaar," verduidelik Jan. "Sy het ook in haar verklaring bevestig dat sy rubberhandskoene gedra het en dat die merk ooreenstem met hoe sy die DVD-houer aangegee het."

Sy het in die hof getuig sy het die vingerafdruk gesien en aan konst. Elton Swartz gesê: "Daar sit die booswig se merk; tel hom op."

KENNERS: DIS GEEN LIPAFDRUK . . .

Thomas Mollett het beelde van die vermeende lipafdruk langs Fred van der Vyver se vingerafdruk na buitelandse kenners gestuur. Hier is hul kommentaar:

- "Dit is duidelik uit die beelde; daar is geen voue nie . . . Ek het 'n ontleding van die beelde wat aan my gestuur is, gedoen en geen eienskappe van 'n lipafdruk gevind toe ek dit met lipafdrukke in my databasis vergelyk nie." – Dr. Balwant Rai, 'n Nasa-wetenskaplike
- "Nadat ek die beeld in jul boodskap bestudeer het, is daar geen merke wat aandui dat dit van 'n lip af kom nie." – Dr. Lincoln Petersen van Amerika wat navorsing oor lipmerke gedoen het vir sy meestersgraad in forensiese wetenskap
- "Na aanleiding van die foto's wat ek gesien het, kan ek met gemak bevind die afdruk is geen lipafdruk nie. Ek het al baie lipafdrukke bestudeer en die voue wat gewoonlik in 'n lipafdruk teenwoordig is, is nie daar nie." – Dr. Noor Hazfalinda Hamzah, 'n kenner van kliniese forensiese wetenskappe aan die Universiteit van Kebangsaan in Maleisië

WAT SÊ ADV. DE BRUYN, FRED EN SY PA?

Adv. Dup de Bruyn (links) en Fred van der Vyver.

- Adv. Dup de Bruyn SC, wat Fred van der Vyver sedert 2007 verteenwoordig het toe hy die eerste keer in die hof verskyn het op die moordklag en wat ook sy eis teen die polisieminister weens beweerde kwaadwillige vervolging behartig het, tree nie meer as Fred se regsverteenwoordiger op nie.

"Ek verteenwoordig Fred nie meer nie, want die saak is afgehandel," het Dup aan Huisgenoot gesê. Oor die nuwe verslag deur die afgetrede fisikaprofessor volstaan hy met sy kommentaar aan 'n dagkoerant: "Ek lewer nie kommentaar op nonsens nie." Maar hy voeg by dat hy wel "die professor respekteer".

- Fred het nie op Huisgenoot se versoeke om kommentaar geantwoord nie.
- Sy pa, Louis van der Vyver, het aan Huisgenoot gesê hy wil nie kommentaar lewer oor die Lotze nie en volstaan met die kommentaar wat hy vroeër gegee het.

"Mense is besig om ondersoeke te doen rondom die kern van die saak, maar niemand spreek die kern van die saak aan nie. Niemand kon nog bewys dat foelien 1 van die betrokke DVD-omslag of van enige DVD-omslag gelig is nie.

"Daar is niks of niemand wat kon bewys dat foelien 1 van die betrokke DVD kom nie omdat dit nie van 'n DVD-omslag gelig is nie en dit is die kruks van die saak.

"Alle ander menings oor waarvandaan dit gelig is, is menings en irrelevant." ■

EKSTRA BRON: DIE BURGER